

16 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 11:2-15
Fokusgedeelte: Matteus 11:3

Hoe tree die Messias op wat moes kom?

Johannes die Doper speel 'n belangrike rol in die bekendmaking van die komende Messias. Hy weet dat Hy die Lam van God gedoop het, maar uit die tronk kon hy nie agterkom of Jesus werklik die Messias is nie. Johannes, ook ander Jode, het waarskynlik eerder 'n regter verwag, wat sou oordeel oor sy volk en die oorheersers. Die boom, waarteen die byl reeds lê, is egter nie uitgekap nie.

Wie is die Jesus dan? In sy dade en woorde word die profesieë vervul: blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowe hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig. Die vreugde van verlossing is vir elkeen wat in Jesus glo. Die Verlosser kom weer om te red en te oordeel.

Ons leef in die tyd tussen die koms en wederkoms van Christus. Elke jaar se herinnering aan Hom wat gekom het, laat ons uitsien na sy wederkoms. Dan sal elkeen wat glo die volle saligheid ontvang.

Sing: Skrifberyming 4-2:1

Dr. Callie Opperman